Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
MAART 2025
Posbus 20 Hermanus 7200
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai-Stanford 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Collab Citizen App
24/7 Munisipale Nooddienste:
Munisipale Dienste 028 313 8111
Brand & Redding 028 312 2400
Bulletin
#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

2010-FIFA-WÊRELDBEKERNALATENSKAP IN GANSBAAI GESTAND GEDOEN

'N NUWE BEGIN VIR SPORTGEMEENSKAP

'n Jubelende groep mense het hul opwagting gemaak om die luissteryke heropening van die sokkerveld by die veeldoelige sportsentrum, Spaces for Sport, in Gansbaai by te woon en om hul "weldoeners" van aangesig-tot-aangesig te ontmoet en te bedank.

Dié sentrum, en die sokkerveld in die besonder, het 'n merkwaardige geskiedenis. Destyds in 2009, kort na die aankondiging dat Suid-Afrika die 2010-FIFA-wêreldbeker gaan aanbied, het die Engelse Premierliga besluit om die inisiatief genaamd "Spaces for Sport" in Gansbaai as hul nalatenskapprojek te ondersteun.

Net 'n jaar vantevore het die Grootbosstigting (met die volle ondersteuning van Munisipaliteit Overstrand) begin om finansiële ondersteuning te bekom vir die vestiging van 'n wêreldklassportsentrum reg in die middel van drie hoogs uiteenlopende gemeenskappe in en rondom Gansbaai.

Benewens om 'n veilige ruimte te bied waar jongmense vanuit verskillende agtergronde na skool op 'n konstruktiewe wyse saam sport kan beoefen, was die oorkoepelende oogmerk "om die speelveld gelyk te maak": Met ander woorde, om te verseker dat ontluikende sportsterre vanuit minderbevoorregte gemeenskappe dieselfde toegang tot wêreldklassportfasiliteite en -ondersteuning geniet as hul meer bevoorregte eweknieë sodat ook hulle potensieellewensveranderende geleenthede kan ontsluit.

En dit was hierdie voorneme wat sir Dave Richards, toenmalige voorsitter van die Engelse Premierliga, opgeval het.

Daar is ooreengekom dat die liga se *Premier Skills*-program die konstruksie van 'n sintetiese sokkerveld by die ontluikende sportsentrum sal befonds en, kort daarna, is hierdie vennootskap uitgebrei om ook Burmar Civils en Rhino-Turf in te sluit.

Sestien jaar later is die oppervlak van daardie goedgekonstrueerde sintetiese sokkerveld nou vervang met kunsgras, 'n tegnologie wat behels dat daar van bio-inhoud gebruik gemaak word wat beteken dat Spaces for Sport nou met die eko-vriendelikste, volgrootte sokkerveld in die land kan spog.

Ekovriendelike speeloppervlak kos R5,5 miljoen

Projek "Pitch Perfect" is moontlik gemaak deur die Premierliga, die Grootbosstigting en Rhino-Turf wat gesamentlik die koste gedra het om die kunsgras-speeloppervlak aan te bring.

Michael Lutzeyer (stigter van die Grootbosstigting) het daarop gewys dat Spaces for Sport sedert sy ingebruikneming ongetwyfeld daarin geslaag het om Gansbaai se gemeenskap in sy geheel op te hef en om die lewens van vele jong atlete te transformeer – 'n prestasie wat nie moontlik sou gewees het as dit nie was vir die deursettingsvermoë van voormalige areabestuurder Kat Myburgh en die groothartigheid van die Premierliga nie.

"Wat die Premierliga se ondersteuning so spesiaal maak, is dat dit heelwat verder as blote finansiële ondersteuning strek. Om die waarheid te sê, in die dae wat die heropening voorafgegaan het, het die liga goedgunstiglik gratis 'n program in afrigtingsvaardighede vir 30 plaaslike onderwysers en sportklubafrigters aangebied om hulle toe te rus met waardevolle gereedskap wat hulle sal help om mooi na ons opkomende sportsterre om te sien.

"Op die koop toe, is 'n inwoner van Gansbaai wat een van die Grootbosstigting se vaardigheidsafrigters is, Mzi Matiwane, erken as Premierliga-gemeenskapskaptein gegrond op sy dekadelange deelname aan die *Premier Skills*-program en verbintenis tot gemeenskapsontwikkeling.

"Vandag kan ons met trots sê dat Spaces for Sport nie net vir opkomende sokkersterre voorsiening maak nie maar ook vir diegene wat daarvan droom om in netbal, krieket, kanovaart en vrouerugby uit te blink.

"Namens die Stigting, hartlike dank aan ons vennote in die openbare en private sektor vir hul volgehoue ondersteuning en die jongelinge vir hul onwrikbare voorneme om uit te blink en elke geleentheid wat hulle kant toe kom, ten volle te benut."

Op haar beurt het Munisipaliteit Overstrand se Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie gesê: "Die *Premier Skills*-program se regstreekse betrokkenheid by die ontwikkeling van voetsoolvlak-afrigters, -opvoeders en -skeidsregters is prysenswaardig.

"Van groter belang is egter dat die impak van hierdie program veel verder as die blote afrigting van jong atlete strek. Onteenseglik kweek hierdie program ook maatskaplike kohesie want vandag het die hele Gansbaaigemeenskap byeengekom om te wys dat hulle bankvas agter ons jong sterre staan en hulle al die pad gaan onderskraag.

"Mag die nalatenskap wat ons vandag hier vier vir ewig en altyd voortlewe!."

Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, Ricardo Mackenzie, het die eer gehad om die seremoniële lint te sny. Hy het opgemerk dat die samewerkende pogings van Munisipaliteit Overstrand, die Grootbosstigting, die Premierliga en Rhino-Turf as 'n model dien vir almal wat positiewe verandering wil bewerkstellig. Ook teenwoordig by die openingsvieringe was Kat Myburgh, voormalige bestuurder van die Gansbaai-area; Michael Lutzeyer, stigter van die Grootbosstigting; Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie; Wyk 1-raadslid Dudley Coetzee; Elicia du Toit, Overstrand Munisipaliteit se Spaces for Sports-koördineerder; en Wyk 14-raadslid Riana de Coning.

TUSSENTYDSE PLAN VIR BESTUUR VAN BOBBEJANE IN HERMANUS

Laat in 2024 het die Wes-Kaapse Regering en CapeNature ingestem tot 'n verlenging van Munisipaliteit Overstrand se bobbejaanprogram vir vyf maande.

Alle belangstellende en belanghebbende partye het nou tot Junie 2025 om 'n ooreenkoms te bereik oor sekere sleutelkwessies, insluitende befondsing en die delegering van verantwoordelikhede, ten einde 'n strategie te ontwikkel wat die program vanaf Julie 2025 sal begelei.

Op hierdie tydstip is die munisipaliteit besig om sy vyf-maande-verleningsplan vir die aanstelling van personeel en verkryging van toerusting wat benodig gaan word om die huidige bobbejaanbestuursprogram tot aan die einde van Junie deur te sien, te verfyn. Intussen is 'n tussentydse plan om Hermanus se bobbejaantroepe te bestuur, geïmplementeer.

As 'n tussentydse maatreël gaan Fernkloof-veldwagters en wetstoepassingspersoneel gebruik word om die bobbejane in toom te hou. Om dit te vermag, wanneer die trop in die dorp is en die span ingeroep word om in te gryp in gevalle van strooptogte en die betreding van huise, sal gebruik gemaak word van verfbalmerkers om lugskote af te vuur tesame met hoorbare ontstekers wat sal help om die bobbejane uit die dorp en terug in die berge te kry.

Let daarop dat om toestemming te verkry om verfballetjies saam met verfbalmerkers as 'n afskrikmiddel te gebruik, nie net daaraan onderworpe is dat die nodige permitte van CapeNature bekom moet word nie maar ook aan die voorwaarde dat alle personeel eers deeglike opleiding in CapeNature se standaardbedryfsprosedures moet deurloop ten einde te verseker dat hierdie tegnieke korrek en veilig geïmplementeer word.

Buite die beboude area en langs die berge sal dieselfde werktuie en tegnieke ingespan word om die troepe veral soggens te ontmoedig om die dorp binne te gaan en om hulle te oortuig om weg van die dorp en hoër op in die berge te beweeg. Waar die brandveiligheidsindeks dit toelaat, sal daar ook in sulke gevalle van luide klappers ("bear bangers") gebruikgemaak word.

Munisipaliteit Overstrand is van mening dat die implementering van hierdie tussentydse maatreëls grotendeels daartoe sal bydra om die strategie in te lig wat vir die duur van die vyf-maande-verlengingstydperk gevolg moet word om die bobbejane te bestuur. Dit is grotendeels te danke daaraan dat die vyf-maande-verlengingsplan in fases geïmplementeer gaan word namate personeel en toerusting beskikbaar word en die proses om permitte te verkry vir en personeel op te lei in die gebruik van sekere afskrikmiddels afgehandel word.

Van die grootste belang is dat só 'n gefaseerde benadering dit ook moontlik maak om dag na dag, week na week verbeterings aan die plan aan te bring – verbeterings wat ons sal help om die beste moontlike strategie vir die bestuur van bobbejaantroppe in die Overstrand tot lank na Junie 2025 te formuleer.

Tot tyd en wyl doen die munisipaliteit 'n beroep op alle inwoners om aan te hou om hul onderskeie plaaslike WhatsApp-groepe te gebruik om gereeld te rapporteer waar die bobbejaantroppe hulle bevind. Julle insette is van onskatbare waarde aangesien dit help om ander inwoners daarop bedag te maak dat die bobbejane dalk koers in hulle rigting gevat het en dat hulle op hul hoede moet wees en betyds die nodige voorsorgmaatreëls moet tref.

Maak nie saak waar of wanneer nie, as jy 'n bobbejaan sien, stuur 'n boodskap aan die Bobbejaanblitslyn.

OVERSTRAND BOBBEJAANBLITSLYN | 069 151 5962

Beveiliging van Varswaterbronne:

MOENIE VLEILANDE GERINGSKAT NIE

Bulletin het onlangs die aandag gevestig op die planne wat tans uitgevoer word om Onrusrivier se vleiland te restoureer.

Dit het ongelukkig 'n paar opeenvolgende katastrofiese voorvalle geverg om ons te herinner hóé onontbeerlik die rol is wat vleilande in die beveiliging van ons varswaterbronne vervul en hoe hulle help om ons teen die potensiële impak van natuurrampe te beskerm.

Wêreldvleilanddag word elke jaar op die 2de Februarie gevier, en vanjaar se boodskap was hard en duidelik: Dit is in almal se beste belang om alles moontlik te doen om vleilande te beskerm.

Ongeag hul grootte of vorm, vleilande se ekosisteme is en bly uniek:

- Weens hulle unieke aard, het hulle die vermoë om water terug te hou. Dit beteken dat water langsamerhand vrygestel word, wat help om watervlakke te beheer en gronderosie in toom te hou.
- Die plante wat in vleilande voorkom, funksioneer soos tipiese "sponse". Hulle "suig" oormatige nutriënte uit die omringende water op, wat daarop neerkom dat die water wat op die lange duur deur die vleiland vrygestel word, "gesuiwer" is tot die mate waartoe dit as 'n aanneemlike bron van varswater kan dien.
- Wanneer 'n vleiland se ekosisteme na behore funksioneer, is daardie ekosisteme daartoe in staat om die impak van klimaatsverandering selfs beter as 'n woud te versag. Dit is omdat vleilande nie net koolstof vanuit die atmosfeer sekwestreer nie, maar ook in die grond vasvang.

Benewens die Onrusriviervleiland, is daar verskeie ander vleilande in die munisipale gebied. Hierby ingesluit is die Davidskraalvleiland-area in Bettysbaai, die Meulstroomvleiland in Stanford, die Kleinmond-Rooiels/Lamloch-Botriviersisteem, die Flatstraatvleiland by die Hermanusgholfklub, die Kleinrivier-estuarium, en die Paddavlei-vleiland in Hawston.

Opgeknapte Paddavlei-voetpad

In 'n poging om hierdie vleilande na die beste van sy vermoë te bewaar en te beveilig, het die munisipaliteit Whale Coast Conservation en die Paddavlei-eko-groep (PEG) as sy vennote betrek.

Die opening in November verlede jaar van die opgeknapte, 547 m-lange voetpaadjie wat deur 'n melkhoutwoud al langs Paddavlei kronkel, dien as bewys dat die onvermoeide pogings van alle betrokkenes en die geld wat in dié proses bestee is, nie verniet was nie.

Om mee te begin, moes hierdie driejaarprojek daarop fokus om die riete "in die bek te ruk". Die uitermatige voortplanting van riete hou 'n groot bedreiging vir vleilande se delikate ekosisteme in en moet in toom gehou word.

Munisipale werkers en PEG-lede het sy-aan-sy ingespring om die vleiland handmatig van oormatige riete te verlos. Alhoewel hulle daarin geslaag het om 'n aansienlike inbreuk gedurende die eerste jaar te maak, het dit die verkryging van "meganiese hulp" in die vorm van 'n rietversnipperaar gekos om dié takie af te handel.

Intussen het Whale Coast Conservation handjie bygesit om te help met die konstruksie van die voetpaadjie opsigself onder die waaksame oog van Overstrand se omgewingskundiges wat tegniese advies verskaf het waar en wanneer ook al nodig.

Terselfdertyd was die span iewers in die agtergrond besig om alle moontlike opsies te ondersoek om te kyk of 'n potensiële "meevallertjie" dalk ook tot uitvoer gebring kan word.

Van meet af aan was alle betrokkenes dit eens dat die Paddavlei-projek die potensiaal het om nie net die algemene publiek te betrek nie maar ook om as 'n "buitelugklaskamer" te dien waar jongelinge deur regstreekse betrokkenheid meer van vleilande kan leer en waarom hulle beskerm moet word. Met hierdie potensiële uitkomste voor oë, het die span Hawston Primêr genader en was verstom oor die geesdrif waarmee hul voorstel verwelkom is en hoe gewillig die skool was om deel te neem.

Dit het daartoe gelei dat 'n eko-klub by Hawston Primêr op die been gebring is wat tot vandag toe nog weekliks gedurende die skooltermyn byeenkom om nie net aktief aan skoonmaakaktiwiteite deel te neem nie, maar ook om aan gesprekke deel te neem wat hul nuuskierigheid oor die natuur prikkel en hulle in staat stel om beter te verstaan waarom selfs die kleinste, oënskynlik onbenulligste ekosisteem 'n allerbelangrike rol vervul in die handhawing van die natuur se delikate balans en juis daarom werd is om beskerm te word.

Maak nie saak hóé gretig hulle is om by hulle "buitelugklaskamer" uit te kom nie, moet almal eers aandagtig luister na waarvan hulle tydens daardie dag se uitstappie gaan leer en waarom dit belangrik is om altyd na hul onderwysers en die veldwerkers se instruksies te luister sodat almal veilig tuis kan kom.

****Neem kennis dat wetenskaplike eksperimente steeds voortgaan met die oog daarop om die stormwater wat in Paddavlei vloei, te suiwer.***

LÊ JOU RYBEWYSKAART DALK EN WAG OM AFGEHAAL TE WORD?

Dit het onder *Bulletin* se aandag gekom dat hope en hope rybewyskaarte by verkeersdienste se kantore in Hermanus lê en wag om afgehaal te word.

As jy min of meer agt weke gelede (dalk selfs vroeër) om 'n bestuurderslisensie aansoek gedoen het en nog nie in kennis gestel is dat jy jou rybewyskaart kan kom afhaal nie, bel asseblief die verkeersafdeling gedurende kantoorure by **028 313 1044** of **028 313 8136**.

Hou ook in gedagte dat tydelike rybewyse slegs vir ses maande geldig is. Sorg dus maar dat jy die ware jakob gouer as later afhaal!